2017/04/21
08:26 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2017/04/21	DATUM 2017/04/20			+ - WEEK GELEDE 2017/04/10		+ - MAAND GELEDE 2017/03/20		+ - JAAR GELEDE 2016/04/18	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
DJIA-index	20579	174.22	0.9%	20404	-0.4%	20656	-1.6%	20915	14.3%	18004
Goud (Spot)	1279.85	0.67	0.1%	1279.18	2.1%	1253.14	3.7%	1234.60	3.7%	1233.60
Brent $/vat	53.05	-0.07	-0.1%	53.12	-4.1%	55.34	3.1%	51.43	24.1%	42.74
1 € / US$	1.0714	-0.005	-0.5%	1.0763	1.2%	1.0588	-0.4%	1.0762	-5.4%	1.1324
1 US$ / ZAR	13.16	0.020	0.2%	13.14	-4.8%	13.82	3.8%	12.68	-9.0%	14.46
Corn	R 1,849.55	-59	-3.1%	R 1,908.82	*CBOT Corn May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May Sept 12:00 the previous day					
Wheat	R 1,963.20	-137	-6.5%	R 2,100.23	* CBOT Wheat May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4,574.36	-27	-0.6%	R 4,601.20	* CBOT Soy May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn May 17	357.00	-12.00	-3.3%	369.00	-1%	359.00	-3%	367.00	-12%	403.50
Wheat May 17	406.00	-29.00	-6.7%	435.00	-4%	424.00	-7%	436.00	-24%	530.75
Soybeans May 17	946.00	-7.00	-0.7%	953.00	0%	942.00	-5%	1000.00	-2%	968.00
SORGHUM Jul '17	3020.00	0.00	0.0%	3020.00	0.0%	3020.00	-4.7%	3168.00	-17.3%	3650.00
WMAZ Spot	1939.00	-41.00	-2.1%	1980.00	-7.0%	2086.00	-11.0%	2179.00	-56.4%	4451.00
WMAZ May 17	1881.00	-44.00	-2.3%	1925.00	-8.0%	2044.00	-0.9%	1899.00	-58.0%	4476.00
WMAZ Jul 17	1859.00	-42.00	-2.2%	1901.00	-7.1%	2000.00	0.1%	1857.00	-45.3%	3401.00
YMAZ Spot	2098.00	-72.00	-3.3%	2170.00	-2.9%	2160.00	-4.9%	2207.00	-33.1%	3135.00
YMAZ May 17	1980.00	-60.00	-2.9%	2040.00	-6.0%	2106.00	-0.6%	1992.00	-37.1%	3150.00
YMAZ Jul 17	1982.00	-43.00	-2.1%	2025.00	-6.0%	2108.00	0.8%	1966.00	-33.9%	3000.00
SOY Spot	4743.00	-85.00	-1.8%	4828.00	-4.0%	4940.00	-10.0%	5270.00	-21.0%	6001.00
SOY May 17	4776.00	-37.00	-0.8%	4813.00	-4.4%	4994.00	-4.2%	4985.00	-20.5%	6011.00
SUN Spot	4410.00	-40.00	-0.9%	4450.00	-1.9%	4494.00	-0.2%	4420.00	-32.4%	6520.00
SUN May 17	4439.00	-46.00	-1.0%	4485.00	-2.1%	4532.00	-1.7%	4515.00	-31.6%	6490.00
WHEAT Spot	4374.00	-16.00	-0.4%	4390.00	-0.1%	4380.00	7.4%	4071.00	-5.4%	4623.00
WHEAT May 17	4389.00	-16.00	-0.4%	4405.00	-0.5%	4409.00	6.7%	4115.00	-5.7%	4652.00
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.15/$, relatief onveranderd vanaf die vlakke wat gister-middag gesien was met marksluiting toe die mark teen R13.14/$ verhandel het. Die rand het die afgelope tyd weer goeie verhandeling getoon en het weer versterk met die internasionale beleggers wat 'n beter aptyt toon vir beleggings in ontluikende lande. Die rand het ook ondersteuning gevind met die nuwe Minster van Finansies, Malusi Gigaba, se eerste internasionale besoek aan die VSA om beleggers vertroue terug te wen nadat dit swaar geskend was na President Jacob Zuma se kabinetskommeling einde Maart. Gigabe beplan om beamptes van die Wêreld Bank, die IMF en ook Moody's graderingsagentskap te besoek. Die besoeke aan hierdie instellings is om beleidsekerheid te gee en die graderingsagentskap te oorreed om SA nie af te gradeer na rommelstatus toe nie, soos die ander twee agentskappe alreeds gedoen het. Hy het ook meer insig gegee in verband met beleide en die regering se steun aan verskeie faktore verseker waaronder ekonomiese groei en armoede verligting uitgelig is tesame met ander punte. Hy het ook beleggers verseker dat die nasionalisering van kommersiële banke en myne in Suid Afrika nie deel is van die ANC se beleid nie.

Mielies: Die VSA mielieprys het gister 'n paar sent laer gesluit met die mark wat onder druk gekom het en effens afgetrek is deur die koringmark wat gedaal het sowel as die verkope van mieliekontrakte deur die Fondse in die VSA. Daar duur steeds reën voort oor groot gedeeltes van die Mid-weste met die storms wat gister ook voorgekom het oor groot gedeeltes van die Mid-weste en die aanplantingsproses vertraag het. Die 6 – 10 dag voorspelling toon nat en koel toestande oor die Mid-weste en veral in Iowa met koel toestande in die westelike dele van die Mid-weste. Die aanplantings in die VSA wat in die nuutste USDA se weeklikse verslag op 6% voltooi geskat is, is effens laer as die 5 jaar gemiddeld van 9% teen hierdie tyd van die jaar. Die weeklikse USDA se uitvoerverkope verslag toon dat die weeklikse uitvoere minder was as wat die verwagtinge was vir die week. Daar is ook aangedui dat die Suid Koreaanse aankopers 70 000 ton mielies aangekoop het vir lewering in Augustus wat vanaf die VSA of Suid Amerika verkry kan word en ook 203 000 ton aangekoop het vir lewering in September wat van enige bestemming af verkry kan word. Die fokus in die internasionale mieliemark sal grootliks op die weersomstandighede in die VSA wees en hoe vinnig dit gaan afdroog daar vir die plantproses om normaal voort te gaan. **Plaaslik:** Die plaaslike mielieprys het gister hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag. Die pryse van omtrent al die kontrakmaande van beide wit en geelmielies het vir die dag laer afgesluit. Die mark het hoofsaaklik onder druk gekom met die rand wat weer goeie versterkings getoon het en met die stroop proses wat alreeds begin het in sekere gebiede terwyl ander gebiede vinniger gaan begin stroop in die volgende maand.

Sojabone: Die VSA sojaboonkontrakte het gister hoofsaaklik laer afgesluit. Die VSA sojaboonpryse het sedert die begin van April verhandel in 'n redelike sterk bandwydte en die Mei kontrak sukkel om deur die tegniese grafiek weerstandsvlak van die 20 dag bewegende gemiddelde prys te breek. In die weeklikse USDA se uitvoerverkope verslag word die sojaboon uitvoere op 225 887 ton gerapporteer was minder was as 'n week gelede en dit het is ook laer as wat die verwagtinge in die mark was van beide ou en nuwe seisoen voorrade. Die ander internasionale oliesade markte het hoofsaaklik hoër gesluit met die Kanadese canola mark wat sterker verhandel as gevolg van die vertragings in aanplantings as gevolg van te nat toestande. Die Chinese sojaboonmark het gemeng verhandel met die Maleisiese palmoliemark wat hoër gesluit het terug getrek het na die 8 maande laagtepunt. In Suid Amerika is die weerstoestande effens droeër wat gunstig behoort te wees vir die stroop proses daar. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark was gister weereens onder druk met die rand wat aanhou versterk. Die plaaslike mark het laer gesluit vir alle kontrakmaande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse winterkoringmark het laer afgesluit met die harde en sagte rooi winterkoring wat laer afgesluit het. Die mark het hoofsaaklik onder druk gekom met Fondse in die VSA wat netto verkopers was die afgelope week. Die Mei sagte rooi winterkoring het tot die laagste vlakke sedert Januarie gedaal met die harde rooi winterkoring wat tot die laagste vlakke vir 2017 gedaal het. Die lentekoring het ook gister effens laer gesluit . Daar word steeds meer reën voorspel in Dakota wat die lentekoring aanplantings vertraag. In die USDA se weeklikse uitvoerverslag is die weeklikse koring uitvoerverkope op 552 471 ton gerapporteer wat hoër was as die markverwagtinge met die nuwe seisoen voorraad wat hoër verkope getoon het. Die koringmark was hoofsaaklik onder druk met die groot handelaars in die VSA wat hulle netto kort posisie in die mark vergroot. **Plaaslik:** Die plaaslike mark het gister van die winste teruggegee wat Woensdag in die mark gesien was en het die dag laer afgesluit vir meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In die weeklikse SAGIS produsente lewerings wat gister gerapporteer is word die weeklikse lewerings op 3 479 ton gerapporteer. Die totale lewerings vir die seisoen is tans 1 842 080 ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

***Opgestel deur**:Michelle Mokone/ **Vir navrae, kontak**:Michelle@grainsa.co.za*

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.